Sommer kinderspeletjies

Storie deur Bandile Sikwane | Illustrasies deur Elizabeth Sparg

Hank die sjarmante Ratel is die beste kok in die savanne. Dis sy vasberadenheid om die beste bestanddele te vind wat hom beter maak as al die ander.

Vandag se resep is eenvoudig, maar die maaltyd is spesiaal. Hy maak dit vir Wendy die Vlakvark. Die arme ding het haar been gebreek toe sy van honger hiënas probeer wegkom het.

Die resep bevat bestanddele wat besonder moeilik is om in die hande te kry.

Hank stoei met ’n logge luislang. Sy vleis sal lekker smaak in ’n bredie.

Hy verduur meer as ’n honderd bysteke terwyl hy nektar en heuning bymekaar maak om te drink.

Dodelike skerpioene val hom aan toe hy hulle huis omdolwe op soek na amadumbe. Eina! Eina! Eina!

’n Pofadder pik hom terwyl hy bessies en wilde tamaties bymekaar maak. ’n Pofadder se gif is baie sterk. Hank voel eers ure later weer beter.

Kort voor lank is hy op die hoek van Vlakvarklaan en Kremetartstraat.

Die vriende smul aan die bredie, en drink nektar. Hulle lag vir die knorrige brulpaddas wat vir die raserige krieke kwaak.



Sommer kinderspeletjies

Storie deur Bandile Sikwane • Illustrasies deur Elizabeth Sparg

Idees om oor te gesels

Wat is jou gunstelingkosse? Watter bestanddele het jy nodig om jou gunstelingkos te maak? Wie sal jy vir ete nooi en hoekom daardie mense?

Visueel

Gaan hier na die aktiwiteitsblad: **https://nalibali.org/story-supplies/activity-sheets**

Kleur die prentjie in en voltooi dit dan. Teken 'n prentjie in die denkborrel om te wys wat Hank dink.

Lees

Word 'n woordspeurder! Kyk mooi na die storie. Kan jy die name vind van:

- nege diere
- twee vrugte
- twee strate?

Skryf

Gebruik die besonderhede in die storie om die resep te skryf vir die bredie wat Hank gemaak het. Onthou om eers die lys van nodige bestanddele neer te skryf en dan die instruksies wat Hank moet volg om die bredie te maak. Gee die bredie 'n naam.

Handwerk

Gebruik speeldeeg of klei om 'n pot bredie te maak – óf die bredie wat Hank gemaak het óf 'n bredie van jou eie!

Speel toneel

Voer op hoe Hank die bestanddele vir sy bredie bymekaarmaak en dit dan maak. Gebruik jou resep om jou te help.